

# Gereformeerde Kerk Bellville – 10 Desember 2017 – Aand

**Sing vooraf staande:** Psalm 98:1, 2 (p. 488)

- 1 Sing nuwe lof aan God die HERE, / die God wat wonders het gedaan;  
sy regterhand, vol sterkte<sup>en</sup> ere, / sy heil'ge arm bring redding aan.  
Hy het sy heil en alvermoë / die volkere alom gemeld;  
geregtigheid blink voor hul oë / soos sonnestrale<sup>oor</sup> berg en veld.
- 2 Hy het gedink aan sy genade, / sy trou aan Isr'el nooit gekrenk;  
dit slaan die wêreldesinde gade / nou onse God sy heil ons skenk.  
Juig voor die HEER met blye galme, / o ganse aarde, juig van vreug!  
Meld vrolik in verhewe psalme: / dit is Gods heil wat ons verheug.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

**Loflied:** Psalm 89:1, 2 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys  
het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 2 Ek het my trouverbond, so het die HEER gespreek, / met Dawid opgerig, en sal dit nooit verbreek.  
Uit vrye guns sal dit My nimmermeer berou nie, / niks die vervulling van my eed aan hom weerhou  
nie:  
Jou nageslag, o vors, bevestig Ek vir ewig, / jou rykstroon bou Ek op, van kind tot kind gestewig.

**Gebed**

**Skrifberyming 4-8:1, 2 (Sb 5)**

- |   |  |
|---|--|
| 1 Die Woord het vlees geword<br>en onder ons gewoon.<br>Ons het sy heerlikheid aanskou,<br>die van Gods eenge Soon; | 2 die heerlikheid van Hom<br>wat van die Vader kom,<br>wat vol genade <sup>en</sup> derenis<br>en vol van waarheid is. |
|---|--|

**Skriflesing:** Matteus 1:18-25; 18:15-20; 28:16-20

**Kernverse:** Matteus 1:23

**Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar, en hulle sal Hom Emmánuel noem, dit is, as dit vertaal word: God met ons.**  
(Matteus 1:23 AFR53)

**Tema:** Immanuel, God is by ons!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, van die vroegste tye af probeer die mens om soos God te wees of by God te wees. In die paradys, toe alles nog volmaak was soos die Here dit geskep het, het die duiwel sy kans gevat om die mense te oorreed dat hulle soos God kan wees deur alles te kan ken soos God. Maar hoe ontnugter was die mens nie? In plaas daarvan dat hulle soos God geword het, het hulle 'n ontsaglike groot kloof tussen hulle en God veroorsaak. Waar hulle voorheen gemaklik in die teenwoordigheid van die Here was, was hulle nou bang vir die Hom en het vir Hom weggekruip. En die

volmaaktheid wat hulle gehad het om die Here regtig te kon ken, liefhê en dien, het hulle verloor. Die beeld van God in die mens het toe aan skerwe gelê.

Die beeld van God in die mens was aan skerwe, dit was nie geheel en al weg nie. In die mense het daar nog flentertjies kennis van God oorgebly. Die mens het geweet dat God bestaan en dat daar tussen die mens en God 'n geweldige afstand is. Die mens het ook geweet dat God in die hoë hemel woon terwyl die aarde die woonplek van die mens is. In plaas daarvan om hulle voor God neer te buig en by Hom kennis van Homself te soek, het die mens eerder die klein bietjie wat hulle nog van God geweet het verkeerd gebruik. Hulle wou nie op die aarde bly en die Here leer ken nie. Hulle wou self na Hom toe gaan. En met die gawes wat hulle van die Here gekry het, bou hulle toe 'n toring om op te klim na God toe. As die mens nie soos God kan wees nie, wil hy dan by God wees.

Maar die Here ons God laat die mens nie toe om na Hom toe op te klim nie. Daardie toring waarmee die mens begin het om na God toe op te klim, is nooit klaar gebou nie. Nogtans het die mens nie opgegee nie. Tot vandag toe probeer die mens by God uitkom. 'n Mens sien dit in die verskillende godsdienste oor die wêreld heen. Die Jode maak van die wet 'n leer waarmee hulle na God toe wil opklim. Die Moslems probeer om met vaste gebedstye, vastye, aalmoese gee en 'n reis na Mekka uit hierdie verlorenheid opklim na die volmaakte toe. In ander godsdienste word daar deur meditasie probeer om na God toe op te klim. Maar die kloof tussen die mens en God bly van die mens se kant af altyd onoorkomelik.

Die Here het die mense gekeer om hulle toring na Hom toe verder te bou, maar die mens het nog nie verstaan dat hy nie na God toe kan gaan nie. Die Here het dit later vir die mens duidelik uitgespel dat niemand sommer net na Hom toe kan kom nie. Toe die Here die wet op Sinai aan Moses gegee het, mag geen mens of dier aan die berg geraak het terwyl die Here met Moses op die berg gepraat het nie. Die een wat waag om aan die berg te raak of nuuskierig na die Here wou deurbreek, moes dadelik sterf. Selfs toe die Here opdrag gegee het vir die bou van die tabernakel as 'n teken van sy teenwoordigheid by sy volk, is hierdie heilige afstand tussen God en mense gehandhaaf. In die Allerheiligste deel van die tabernakel mag niemand ingegaan het nie behalwe die hoëpriester en net een maal per jaar. Die mense mag nie eers na die verbondsark gekyk het of daaraan geraak het nie. En die mense wat gewaag het om daarna te kyk of daaraan te raak is dadelik met die dood getref.

Dit word dus vir ons in die verloop van die geskiedenis duidelik dat die oortreding van ons eerste ouers in die tuin van Eden en die sondige aard wat ons nou nog het, maak dat ons nie naby God kan of mag kom nie. Die Here verbied dit. En daarom het dit gebeur dat die mens ook bang geword het om naby God te wil wees. Maar wanneer ons dit gesê het, beteken dit nie dat die Here niks met die mens te doen wil hê nie. Inteendeel, van die heel begin af word dit duidelik dat God wel 'n verhouding met die mens wil hê. Daarom het die Here die mens met verstand en wil en hart geskape. Hy wil hê dat die mense ook Hom sal liefhê.

Die Here kom af na die aarde toe om met die mens te praat. Die Here soek die mens op. Selfs toe die mensdom na die sondvloed weer so ontaard het dat 'n mens nie eers meer kan praat van mense wat na die wil van God soek nie, het die Here steeds na die mens gekom. Uit al die mense op aarde kies God om met Abraham 'n nuwe begin met die mensdom te maak. In Abraham en sy nageslag maak die Here vir Homself 'n pad oop na die hart van die mensdom. Nadat die Here sy verbond met Abraham en sy nageslag opgerig het en belowe het dat Hy hulle God sal wees en hulle sy volk, verseker die Here hulle keer op keer dat Hy by hulle sal wees. Soms het God hierdie belofte aan 'n enkeling

gemaak soos aan Jakob toe hy vir Esau gevlug het. Soms het Hy hierdie belofte aan sy hele volk gemaak soos tydens die ballingskap.

Met hierdie beloftes, met die verbond en met die profesieë het die Here die verwagting na die Messias in sy volk wakker gemaak. In Israel was die verwagting lewendig dat God na sy volk toe sal kom. Die Messias sal kom. Maar hoe Hy gaan kom en wanneer Hy gaan kom, het die mense nie geweet nie. En kyk nou net op watter besondere wyse kom God na sy mense toe.

In hierdie eenvoudige en onopgesmukte geskiedenis wat die Heilige Gees in Matteus 1 op-geteken het, wys die Here ons op watter manier Hy Homself kom tuismaak by ons. Drie maande voordat Josef uitgevind het dat Maria swanger is, het die engel Gabriël aan haar verskyn en gesê: Maria, jy is deur God begenadig. Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek (Luk 1:28-35). Toe Maria gehoor het wat met haar gaan gebeur, is sy sonder versuim na Elisabet toe. Vir drie maande het sy daar by Elisabet en Sagaria gebly.

Nou het sy teruggekeer na Nasaret, na Josef haar verloofde. Maria het nie nodig gehad om iets te sê nie. Josef het sommer dadelik gesien dat Maria swanger is. Maria het ook nie probeer verduidelik nie, want hoe kon sy verwag dat Josef haar moes glo. Nog nooit het daar 'n vrou in Israel so swanger geword soos sy nie. Ja, ou vroue, vroue wie se tyd om kinders te hê, het swanger geword en vroue wat vir baie jare onvrugbaar was, het swanger geword, maar dit het altyd op die normale manier gebeur. Hoe sou sy Josef ooit kon oortuig dat sy nie ontrou aan hom was nie? Sy sou nie dit kon doen nie. Daarom het sy eerder stilgebly.

Matteus sê reeds aan die begin dat die swangerskap van die Heilige Gees gekom het. Maar in daardie stadium het Josef dit nie geweet nie. Wat Josef wel geweet het, is dat hy nie die biologiese pa is van hierdie Kindjie nie. Die Heilige Gees maak drie dinge aan ons duidelik sodat ons ook verseker kan weet dat Josef nie die biologiese pa is nie. Maria was al drie maande swanger, Josef was nog net verloof aan Maria en hy is getrou aan die wet van Moses. As hy aan Maria verloof is, mag hy nog nie geslagsgemeenskap met haar hê nie, want dit is nie reg in die oë van die Here nie.

Aangesien Josef getrou is aan die Here se wet, wil hy nie die skande van 'n buite-egtelike kind oor die nageslag van Dawid bring nie. Maar hy is ook barmhartig, daarom wil hy nie vir Maria in die openbaar tot skande maak nie. Na regte moes Maria met klippe doodgegooi word. Maar in plaas daarvan, besluit Josef om eerder stil-stil van Maria te skei. By die Jode was verlowing 'n gemeenskaplik ooreenkoms tussen twee mense waarin hulle belowe het om met mekaar te trou. Daarom het verlowing reeds wetlike implikasies. Al was Maria nog nie met Josef getroud, het sy regtens reeds deur die verlowing aan hom behoort.

Toe Josef maar nog net die gedagte gehad het om van Maria te skei, het God self aan Josef die oorsprong van Maria se swangerskap bekendgemaak. 'n Engel van die Here het in 'n droom aan hom verskyn. Die Here self verseker Josef dat Maria nie ontrou was nie. Die Heilige Gees het die lewe in Maria gewek. Sy is nou swanger met 'n Seun en as Hy gebore word, moet Josef Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Die Here het Josef oortuig en die Heilige Gees het Josef gewillig en bereid gemaak om die Here te gehoorsaam. Toe Josef wakker word, het hy gedoen soos die engel vir hom gesê

het. Hy het met Maria getrou en volgens die Joodse gebruike het hy die vaderskap aanvaar. Hy het die Seun Jesus genoem toe Hy gebore is.

Geliefdes, al hierdie dinge wat Matteus moes neerskryf soos die Heilige Gees dit vir hom ingegee het, het hom van een ding verseker. Hierdie Jesus wat uit Maria gebore is, is Immanuel. Jesus is God wat mens geword het. Hy is God wat na die mense toe gekom het. Matteus het hierdie dinge nie uit sy duim gesuig nie. Uit die Woord van die Here sy God

het hy dit onder leiding van die Heilige Gees opgediep. Net by een profeet in die Ou Testament word daar van Immanuel gepraat. Dit is die teken wat God vir koning Agas van Juda gegee het. 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy naam sal Immanuel wees (Jes 7:14).

Die feit dat Maria nie as gevolg van ontrouheid aan haar kant swanger geword het nie, die feit dat Josef verseker geweet het dat hy nie die biologiese pa van die Kindjie is nie, die feit dat die Heilige Gees die lewe in haar gewek het en die oortuigende woorde van die Here soos die engel dit gespreek het, kan net een ding beteken: Jesus, die Seun van Maria is die uiteindelijke vervulling van die belofte wat Jesaja op bevel van die Here aan Agas moes gegee het. God is werklik by ons. Die belofte van baie eeue het nou waarheid geword. God se eie, geliefde Seun het mens geword om God by die mense te wees.

Die betekenis van die Naam Immanuel word ook deur die Heilige Gees vir ons duidelik gemaak. God het by sy mense gekom, nie sodat sy mense maar net 'n gevoel van saligheid kan hê nie. God het by sy mense gekom sodat hulle regtig salig kan wees. 'n Mens word eers regtig salig, wanneer dit wat die groot afstand tussen die mens en God veroorsaak het, weggeneem is. God het by sy mense gekom om Jesus te wees, dit wil sê om hulle te verlos van hulle sondes.

Kersfees is nie maar net 'n tyd van vreugde en blydskap wanneer families bymekaar is of wanneer daar geskenkies aan mekaar uitgedeel word nie. Kersfees is ook nie maar net 'n tyd om by die krip in Betlehem te verwyl nie. God het in sy Seun Jesus Homself teenwoordig gemaak by sy mense om hulle vir altyd by Hom te hê, om vir ewig gemeenskap met hulle te hê. Daarom het Hy Immanuel geword om Jesus vir ons te wees.

Maar die feit dat Immanuel Jesus is en Hy mense van sondeskuld verlos het, beteken nie dat mense nou sondeloos is nie. En die feit dat Jesus nie meer hier op die aarde is nie, maar in die hemel aan die regterhand van sy Vader, beteken ook nie dat God nie meer by ons is nie.

Jesus Christus se kosbare bloed het al mense se sondes afgewas. Aan die kruis het Hy gelowiges van die heerskappy en slawerny van die sonde verlos. Maar in hierdie lewe het Hy hulle nie heeltemal van hulle sondige natuur verlos nie. Uit hierdie sondige natuur ontstaan die daaglikse sonde en swakheid. Maar daarom het Jesus sy Heilige Gees aan sy gelowiges gegee. Met die krag en leiding van die Heilige Gees kan gelowiges teen die sonde stry. Daarom het Jesus gesê: Waar twee of drie saam in my Naam vergader om teen die mag van die sonde te stry, daar is Hy self ook teenwoordig (Matt 18:20). Jesus bly dus Immanuel, God met ons, ook in daardie onaangename tye wanneer ons teen ons eie swakheid en eie sondige geaardheid moet stry. Maar onder die heerskappy van die Heilige Gees sal ons ook die vreugde van oorwinning smaak.

Maar, broers, susters en kinders, Jesus is nie net van tyd tot tyd Immanuel vir ons nie. Hy is ook nie net in die tye van stryd by ons nie. Voor sy hemelvaart maak Hy dit aan sy

dissipels en aan sy hele kerk duidelik: Deur die kruisdood en opstanding heen het Hy alle mag in die hemel en op die aarde gekry (Matt 28:18). God het aan sy Seun die Naam gegee wat bo elke naam is. Hy is Koning oor alles, want Hy is God deur wie die Vader alles op die aarde regeer. Daarom kan Hy ook by ons wees al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Ook wanneer ons maar net met ons daaglikse werk besig is, ook wanneer ons met ons lewe van elke dag sy Naam verkondig met woord en daad, is Hy by ons.

Jesus is Immanuel, God by ons, nie net vir Kersfees nie, maar ook in daardie ongemaklike tye wanneer ons stry teen sonde en in daardie vreugdevolle tye wanneer ons iemand anders van Hom leer tot aan die voleinding van die wêreld. Omdat Jesus ons lewe lank Immanuel vir ons is, kan ons met vrymoedigheid ook elke dag en elke minuut net vir Hom lewe. Hy is by ons, sy wondergeboorte uit die maagd Maria is vir ons die versekering daarvan.

**Amen!**

Gebed

Skrifberyming 4-7:1, 2 (Sb 3)

- |   |  |   |  |
|---|--|---|--|
| 1 | Neem nou maar, Heer, u kneg / na u belofte weg,<br>en laat hom gaan in vrede – / nou hy die saalge dag,<br>so lank deur hom verwag, / gesien het op sy bede. | 2 | 'n Lig het opgegaan, / 'n helder stralebaan<br>skiet deur die donker wolke. / Dit is Immanuel,<br>die Vors van Israel, / die Lig van alle volke. |
|---|--|---|--|

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
10 Desember 2017